



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

INKOMSTE UIT NIE-UITRUILTRANSAKSIES

(BELASTINGS EN OORDRAGTE)

(AERP 23)

Uitgegee deur die

Raad op Rekeningkundige Standaarde
Februarie 2008

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Revenue from Non-exchange Transactions (Taxes and Transfers)* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2008 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)

	Paragraawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 - .05
Woordomsrywings	.06 - .27
Nie-uitruiltransaksies	.07 - .10
Inkomste	.11– .12
Voorskrifte	.13 - .15
Voorwaardes ten opsigte van oorgedraagde bates	.16 - .17
Beperkings op oorgedraagde bates	.18
Inhoud bo vorm	.19 - .24
Belastings	.25 - .27
Aanvanklike ontleding van die invloed van hulpbronne uit nie-uitruiltransaksies	.28
Erkenning van bates	.29 - .35
Beheer oor 'n bate	.31 - .32
Vorige gebeure	.33
Waarskynlike invloed van hulpbronne	.34
Voorwaardelike bates	.35
Bydraes van eienaars	.36 - .37
Uitruil- en nie-uitruilkomponente van 'n transaksie	.38 - .40
Meting van bates by aanvanklike erkenning	.41 - .43
Erkenning van inkomste uit 'n nie-uitruiltransaksie	.44 - .47
Meting van inkomste uit 'n nie-uitruiltransaksie	.48 - .49
Huidige verpligtinge wat as aanspreeklikhede erken word	.50 - .59
Huidige verpligting	.51 - .54
Voorwaardes ten opsigte van 'n oorgedraagde bate	.55 - .56
Meting van aanspreeklikhede by aanvanklike erkenning	.57 - .59
Belastings	.60 - .76
Die belasbare gebeurtenis	.66

Vooruitontvangste van belastings	.67
Meting van bates wat uit belastingtransaksies voortspruit	.68 - .71
Uitgawes wat deur die belastingstelsel betaal word en belastinguitgawes	.72 - .76
Oordragte	.77 - .116
Meting van oorgedraagde bates	.84
Skuldkwytskelding en die aanvaarding van aanspreeklikhede	.85 - .88
Boetes	.89 - .90
Bemakings	.91 - .93
Geskenke en skenkings, met inbegrip van goedere in natura	.94 - .98
Dienste in natura	.99 - .107
Finansiëlewaarborgkontrakte	.108 - .109
Pande	.110
Vooruitontvangste van oordragte	.111
Vergunningslenings	.112 - .114
Openbaarmakings	.115 - .124
Oorgangsbepalings	.125 - .126
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.125
Wysigings aan Standaarde van AERP	.126
Datum van inwerkingtrede	.127 - .128
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.127
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.128
Herroeping van ander uitsprake	.129
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Revenue from Non-exchange Transactions (Taxes and Transfers)</i> (Desember 2006)	

INKOMSTE UIT NIE-UITRUILTRANSAKSIES (BELASTINGS EN OORDRAGTE)

Hierdie Standaard is oorspronklik in Februarie 2008 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sederdien is dit deur die volgende gewysig:

- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 104 *Finansiële Instrumente*
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in November 2013 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Bygewerkte eksemplaar van die wysigings wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 23 aangebring is en die jongste gevolglike wysigings is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Die bogenoemde word in Standaarde van AERP gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigiens van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) wat deur die International Accounting Standards Board uitgegee is, goedgekeur om vir hierdie entiteite AERP te wees waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende vertolking wat in die toekoms uitgegee mag word, voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde word in daardie Standaarde duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* word in paragraaf .01 tot .130 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos dit in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doelstelling van hierdie Standaard is om voor te skryf watter vereistes geld vir die finansiële verslagdoening oor inkomste wat voortspruit uit nie-uitruiltransaksies, buiten nie-uitruiltransaksies wat 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer of 'n samesmelting behels. Die Standaard handel oor aangeleenthede wat in ag geneem moet word by die erkenning en meting van inkomste uit nie-uitruiltransaksies, met inbegrip van die identifisering van bydraes van eenaars.

Omvang

- .02 ***'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas by die in rekening bring van inkomste uit nie-uitruiltransaksies.***
- .03 ***Hierdie Standaard moet nie op die volgende toegepas word nie:***
- (a) ***'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer of 'n samesmelting wat 'n nie-uitruiltransaksie is (kyk die Standaarde van AERP oor Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer of Samesmeltings); of***
 - (b) ***nie-uitruilinkomste wat uit konstruksiekontrakte voortspruit (kyk die Standaard van AERP oor Konstruksiekontrakte).***
- .04 Hierdie Standaard handel oor inkomste wat uit nie-uitruiltransaksies voortspruit. Inkomste wat uit uitrultransaksies voortspruit, word in die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitrultransaksies* behandel. Hoewel inkomste wat deur entiteite ontvang word uit uitrul- en nie-uitruiltransaksies voortspruit, word die meeste inkomste van entiteite tipies verkry uit nie-uitruiltransaksies soos:
- (a) belasting; en
 - (b) oordragte (hetsy kontant of niekontant), met inbegrip van kontanttoelaes, skuldkwytskelding, boetes, bemakings, geskenke, skenkings, goedere en dienste in natura en vergunningslenings wat ontvang word.
- .05 Hierdie Standaard handel nie oor inkomste wat entiteite as gevolg van nie-uitruiltransaksies in konstruksiekontrakte ontvang nie (kyk die Standaard van AERP oor *Konstruksiekontrakte*).

Woordomskrywings

- .06 Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenisse:**

Voorwaardes ten opsigte van oorgedraagde bates is bepalinge wat spesifiseer dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in die bate vergestalt is, vereis word om deur die ontvanger gebruik te

word soos gespesifiseer, of dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal andersins na die oordraggewer moet teruggaan.

'n Vergunningslening is 'n lening wat deur 'n entiteit toegestaan of ontvang word volgens bepalinge wat nie markverwant is nie.

Beheer van 'n bate ontstaan wanneer die entiteit in die nastrewing van sy oogmerke die bate kan gebruik of andersins voordeel daaruit kan trek en die toegang van andere tot daardie bate kan uitsluit of andersins reguleer.

Uitruiltransaksies is transaksies waarin een entiteit bates of dienste ontvang, of sy laste uitgewis word, en regstreeks ongeveer gelyke waarde (primêr in die vorm van kontant, goedere, dienste of gebruik van bates) in ruil daarvoor aan 'n ander entiteit gee.

Uitgawes wat deur die belastingstelsel betaal is, is bedrae wat beskikbaar is aan begunstigdes ongeag daarvan of hulle belasting betaal al dan nie.

Boetes is ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat deur entiteite ontvang is of ontvang moet word, soos bepaal deur 'n hof of ander regstoepassingsinstansie, as gevolg van die oortreding van wette of regulasies.

Nie-uitruiltransaksies is transaksies wat nie uitruiltransaksies is nie. In 'n nie-uitruiltransaksie ontvang 'n entiteit waarde van 'n ander entiteit sonder om regstreeks ongeveer gelyke waarde in ruil te gee, of gee hy waarde aan 'n ander entiteit sonder om regstreeks ongeveer gelyke waarde in ruil te ontvang.

Beperkings op oorgedraagde bates is bepalinge wat die doeleindes waarvoor 'n oorgedraagde bate gebruik mag word, beperk of bepaal, maar wat nie spesifiseer dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal aan die oordraggewer terugbesorg moet word indien dit nie aangewend word soos gespesifiseer nie.

Voorskrifte oor oorgedraagde bates is bepalinge in wette of regulasies, of 'n bindende reëling, wat op die gebruik van 'n oorgedraagde bate geplaas word deur entiteite buite die verslagdoenende entiteit.

Belastinguitgawes is voorkeurbepalinge van die belastingwet wat aan sekere belastingpligtiges toegewings verleen wat nie vir andere beskikbaar is nie.

Die belasbare gebeurtenis is 'n gebeurtenis wat die regering, wetgewer of ander owerheid bepaal het aan belasting onderhewig sal wees.

Belastinge is ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat verpligtend betaal word deur of betaalbaar is aan entiteite ooreenkomstig wette en/of regulasies wat tot stand gebring is om inkomste aan die regering te voorsien. Belastinge sluit nie boetes of ander strawwe in wat vir oortredings van die wet opgelê word nie.

Oordragte is invloed van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit nie-uitruiltransaksies, buiten belastinge.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde van AERP.

Nie-uitruiltransaksies

- .07 In sommige transaksies is dit duidelik dat daar 'n uitruiling van ongeveer gelyke waarde plaasvind. Hierdie transaksies is uitruiltransaksies en word in ander tersaaklike Standaarde van AERP behandel.

- .08 In ander transaksies sal 'n entiteit hulpbronne ontvang en geen teenprestasie regstreeks in ruil daarvoor aanbied nie, of bloot 'n nominale teenprestasie. Hierdie transaksies is duidelik nie-uitruiltransaksies en word in hierdie Standaard behandel. Belastingpligtiges betaal byvoorbeeld inkomstebelasting omdat die Inkomstebelastingwet die betaling van daardie belasting verpligtend maak. Terwyl die verskillende regeringsfere 'n verskeidenheid van openbare dienste aan belastingpligtiges lewer, word dit nie gedoen as teenprestasie vir die betaling van belasting nie.

- .09 Daar is 'n verdere groep nie-uitruiltransaksies waar die entiteit die een of ander soort teenprestasie regstreeks kan aanbied in ruil vir die hulpbronne wat ontvang word, ofskoon daardie teenprestasie nie by benadering dieselfde is as die billike waarde van die hulpbronne wat ontvang word nie. In sulke gevalle bepaal die entiteit of daar 'n kombinasie van uitruil- en nie-uitruiltransaksies is waarvan elke komponent afsonderlik erken word. 'n Entiteit het byvoorbeeld R6 miljoen aan befondsing van 'n multilaterale ontwikkelingsagentskap ontvang. Die ooreenkoms bepaal dat die entiteit R5 miljoen van die befondsing wat ontvang is, oor 'n tydperk van 10 jaar teen 5% rente moet terugbetaal, terwyl die markkoers vir 'n vergelykbare lening 11% is. Die entiteit het effektief 'n toekenning van R1 miljoen ontvang (R6 miljoen ontvang minus R5 miljoen wat terugbetaal moet word) en 'n vergunningslening van R5 miljoen aangegaan waarop rente teen 6% onder die markrentekoers vir 'n vergelykbare lening gehef word. Die toekenning van R1 miljoen wat ontvang is en die buitemarkgedeelte van die rentebetaling ooreenkomstig die ooreenkoms is nie-uitruiltransaksies. Die kontraktuele kapitaal- en rentebetaling oor die tydperk van die lening is uitruiltransaksies.

- .10 Daar is ook bykomende transaksies waar dit nie onmiddellik duidelik is of dit uitruil- of nie-uitruiltransaksies is nie. In hierdie gevalle kan 'n ondersoek van die wese van die transaksie bepaal of dit 'n uitruil- of nie-uitruiltransaksie is. Om vas te stel of die wese van 'n transaksie dié van 'n nie-uitruil- of 'n uitruiltransaksie is, moet professionele oordeel uitgeoefen word. Die verkoop van goedere word byvoorbeeld normaalweg as 'n uitruiltransaksie geklassifiseer. Indien die transaksie egter teen 'n gesubsidieerde prys uitgevoer word, dit wil sê 'n prys wat nie naastenby gelyk is aan die billike waarde van die goedere wat verkoop is nie, val daardie transaksie binne die omskrywing van 'n nie-uitruiltransaksie. Daarbenewens kan entiteite om 'n verskeidenheid redes diskonto's, volumekortings of ander verlaging in die gekwoteerde prys van bates ontvang. Hierdie verlaging in prys beteken nie noodwendig dat die transaksie 'n nie-uitruiltransaksie is nie. Dit moet dus hanteer word ooreenkomstig paragraaf .16 van die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies*.

Inkomste

- .11 Inkomste behels bruto invloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat deur 'n entiteit ontvang word en ontvangbaar is, en wat 'n toename in netto bates verteenwoordig, buiten toenames wat op bydraes van eienaars betrekking het. Bedrae wat as 'n agent van die staat of ander derde partye ingevorder word, sal nie aanleiding gee tot 'n toename in netto bates of inkomste van die agent nie. Dit is omdat die agententiteit nie die gebruik van die ingevorderde bates in die nastrewing van sy oogmerke kan beheer of andersins daaruit voordeel kan trek nie.
- .12 Indien 'n entiteit die een of ander koste aangaan met betrekking tot inkomste wat uit 'n nie-uitruiltransaksie voortspruit, is die inkomste die bruto invloei van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal, en enige uitvloei van hulpbronne word as 'n koste van die transaksie erken. Indien daar byvoorbeeld van 'n entiteit verlang word om aflewerings- en installasiekoste ten opsigte van die oordrag van 'n aanlegitem van 'n ander entiteit aan hom af te betaal, word daardie koste afsonderlik erken van inkomste wat uit die oordrag van die aanlegitem voortspruit. Aflewerings- en installasiekoste word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* ingesluit in die bedrag wat as 'n bate erken word.

Voorskrifte

- .13 Bates kan oorgedra word met die verwagting en/of verstandhouding dat hulle op 'n bepaalde manier gebruik sal word en dat die ontvangerentiteit derhalwe op 'n bepaalde manier sal optree of presteer. Indien wette, regulasies of bindende reëlins met eksterne partye voorskrifte oplê vir die gebruik van oorgedraagde bates deur die ontvanger, is hierdie voorskrifte soos in hierdie Standaard van AERP omskryf word. 'n Sleuteleienskap van voorskrifte soos in hierdie Standaard omskryf word, is dat 'n entiteit nie aan homself 'n voorskrif kan oplê nie, hetsy regstreeks of deur 'n entiteit wat hy beheer.
- .14 Voorskrifte ten opsigte van 'n oorgedraagde bate kan óf voorwaardes óf beperkings wees. Terwyl voorwaardes en beperkings kan vereis dat 'n entiteit die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in 'n bate beliggaam is, vir 'n bepaalde doel (prestasieverpligting) by aanvanklike erkenning moet gebruik of benut, vereis slegs voorwaardes dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal aan die oordraggewer terugbesorg word in die geval waar die voorskrif verbreek word (verpligting tot teruggawe).
- .15 Voorskrifte is deur wetlike of administratiewe prosesse afdwingbaar. Indien 'n bepaling in wette of regulasies of ander bindende reëlins nie afdwingbaar is nie, is dit nie 'n voorskrif soos deur hierdie Standaard omskryf nie. Afgeleide verpligtinge spruit nie uit voorskrifte voort nie. Die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* stel vereistes vir die erkenning en meting van afgeleide verpligtinge vas.

Voorwaardes ten opsigte van oorgedraagde bates

- .16 Voorwaardes ten opsigte van oorgedraagde bates (hierna genoem voorwaardes) vereis dat die entiteit óf die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van die bate benut soos gespesifiseer, óf toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal aan die oordraggewer teruggee indien die voorwaardes verbreek is. Derhalwe gaan die ontvanger 'n huidige verpligting aan om toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal aan derde partye oor te dra wanneer hy aanvanklik onderhewig aan 'n voorwaarde beheer oor 'n bate verkry. Dit is omdat die ontvanger nie in staat is om die uitvloei van hulpbronne te voorkom soos dit vereis word om die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal beliggaam in die oorgedraagde bate in die lewering van bepaalde goedere of dienste aan derde partye te benut nie, of on andersins die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal aan die oordraggewer terug te besorg nie. Indien 'n ontvanger derhalwe aanvanklik 'n bate erken wat aan 'n voorwaarde onderhewig is, gaan die ontvanger ook 'n aanspreeklikheid aan.
- .17 Vir administratiewe gerief kan 'n oorgedraagde bate of ander toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal effektief terugbesorg word deur die bedrag wat terugbesorg moet word af te trek van ander bates wat vir ander doeleindes oorgedra moet word. Die entiteit se finansiële state sal steeds die bruto bedrae in sy finansiële state erken, dit wil sê die entiteit sal 'n vermindering in bates en laste vir die teruggawe van die bate kragtens die bepaling van die verbreekte voorwaarde erken, en sal die erkenning van bates, laste en/of inkomste vir die nuwe oordrag toon.

Beperkings op oorgedraagde bates

- .18 Beperkings op oorgedraagde bates (hierna genoem beperkings) sluit nie 'n vereiste in dat die oorgedraagde bate of ander toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal terugbesorg moet word aan die oordraggewer indien die bate nie soos gespesifiseer ontplooi word nie. Derhalwe plaas die verkryging van beheer oor 'n bate onderhewig aan 'n beperking nie op die ontvanger 'n huidige verpligting om toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na derde partye oor te dra wanneer beheer oor die bate aanvanklik verkry word nie. Indien 'n ontvanger strydig met 'n beperking optree, kan die oordraggewer of 'n ander party die opsie hê om die ontvanger 'n boete te laat oplê deur byvoorbeeld die saak na 'n hof of ander sodanige instansie te neem, of deur 'n administratiewe proses soos 'n lasgewing van 'n toepaslike minister of ander gesag, of op 'n ander wyse. Sodanige optrede kan meebring dat die entiteit beveel word om die beperking na te kom of die gevaar te loop om 'n siviele of strafregtelike straf opgelê te word vir minagting van die hof of 'n ander sodanige instansie of gesag. Sodanige straf word nie opgelê as gevolg van verkryging van die bate nie, maar vanweë die oortreding van die beperking.

Inhoud bo vorm

- .19 Om vas te stel of 'n voorskrif 'n voorwaarde of 'n beperking is, is dit nodig om die inhoud van die bepaling van die voorskrif en nie bloot die vorm daarvan nie, in ag te neem. Die blote spesifikasie dat dit byvoorbeeld nodig is dat 'n oorgedraagde bate by die verskaffing van goedere en dienste aan derde partye

verbruik moet word of aan die oordraggewer terugbesorg moet word, is op sigself nie voldoende om aanleiding te gee tot 'n aanspreeklikheid wanneer die entiteit beheer oor die bate verkry nie.

- .20 Om vas te stel of 'n stipulasie 'n voorwaarde of 'n beperking is, oorweeg die entiteit of 'n vereiste om die bate of ander toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal terug te gee, afdwingbaar is en deur die oordraggewer afgedwing kan word. Indien die oordraggewer nie 'n vereiste om die bate of ander toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal terug te besorg kan afdwing nie, voldoen die voorskrif nie aan die omskrywing van 'n voorwaarde nie en word dit as 'n beperking beskou. Indien vorige ervaring met die oordraggewer aantoon dat die oordraggewer nooit die vereiste om die oorgedraagde bate of ander toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal terug te besorg indien verbrekings voorgekom het, toegepas het nie, kan die ontvangerentiteit tot die gevolgtrekking kom dat die voorskrif oor die vorm maar nie oor die inhoud van 'n voorwaarde beskik nie en derhalwe 'n beperking is. Indien die entiteit geen ervaring van die oordraggewer het nie, of nie voorheen voorskrifte verbreek het wat die oordraggewer sou aanspoor om te besluit om 'n teruggawe van die bate of ander toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal af te dwing nie, en hy geen bewyse van die teendeel het nie, sou hy kon aanvaar dat die oordraggewer die voorskrif sou afdwing en dat die voorskrif derhalwe voldoen aan die omskrywing van 'n voorwaarde.
- .21 Die omskrywing van 'n voorwaarde plaas op die ontvangerentiteit 'n verpligting tot prestasie – dit wil sê, die ontvanger is verplig om die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in die oorgedraagde bate vervat is, te benut soos gespesifiseer, of die bate of ander toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal aan die oordraggewer terug te besorg. Om aan die omskrywing van 'n voorwaarde te voldoen moet die verpligting tot prestasie 'n verpligting ten opsigte van inhoud en nie bloot vorm wees nie, en word dit op grond van die voorwaarde self vereis. 'n Bepaling in 'n oordragooreenkoms wat vereis dat die entiteit 'n handeling uitvoer wat hy nie anders kan as om uit te voer nie, kan meebring dat die entiteit tot die gevolgtrekking kom dat die bepaling in wese nóg 'n voorwaarde nóg 'n beperking is. Dit is omdat in hierdie gevalle die bepaling van die oordrag self nie die ontvangerentiteit 'n verpligting tot prestasie oplê nie.
- .22 Om aan die maatstawwe vir erkenning as 'n aanspreeklikheid te voldoen is dit nodig dat 'n uitvloeï van hulpbronne waarskynlik moet wees, en dat prestasie teen die voorwaarde vereis word en meetbaar moet wees. Derhalwe sal 'n voorwaarde sulke faktore soos die aard of hoeveelheid van die goedere en dienste wat verskaf moet word of die aard van bates wat verkry moet word, soos toepaslik, moet spesifiseer, asook, indien dit ter sake is, die tydperke waarbinne prestasie moet plaasvind. Daarbenewens sal prestasie deurlopend deur of namens die oordraggewer gemoniteer moet word. Dit is veral die geval waar 'n voorskrif voorsiening maak vir eweredige teruggawe van die ekwivalente waarde van die bate as die entiteit gedeeltelik aan die vereistes van die voorwaarde voldoen, en die verpligting tot teruggawe afgedwing is indien beduidende versuim om te presteer in die verlede plaasgevind het.

- .23 In sommige gevalle kan 'n bate oorgedra word onderhewig aan die bepaling dat dit teruggegee word aan die oordraggewer as 'n gespesifiseerde toekomstige gebeurtenis nie plaasvind nie. Dit kan gebeur indien die nasionale regering byvoorbeeld fondse aan 'n provinsialeregeringsentiteit verskaf behoudens die bepaling dat die entiteit 'n teenbydrae lewer. In sulke gevalle ontstaan 'n verpligting tot teruggawe nie alvorens daar verwag word dat die voorskrif verbreek word nie, en 'n aanspreeklikheid word nie erken voordat daar aan die erkenningsmaatstawwe voldoen word nie.
- .24 Ontvangers sal egter moet oorweeg of hierdie oordragte oor eienskappe van vooruitontvangste beskik. In hierdie Standaard verwys “vooruitontvangs” na hulpbronne wat voor 'n belasbare gebeurtenis ontvang word of 'n oordragreëling wat bindend word. Vooruitontvangste gee aanleiding tot bates en huidige verpligtinge omdat die oordragreëling nog nie bindend geword het nie. Indien sodanige oordragte die aard van uitruiltransaksies het, word hulle hanteer ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies*.


Belastings

- .25 Belastings is die hoofbron van inkomste vir die staat en ander entiteite. Belastings word in paragraaf .07 omskryf as ekonomiese voordele wat verpligtend betaal word deur of betaalbaar is aan entiteite ooreenkomstig wette of regulasies wat tot stand gebring is om inkomste aan die regering te voorsien, met die uitsondering van boetes of ander strawwe wat vir oortredings van wette of regulasies opgelê word. Nieverpligte oordragte aan die staat en ander entiteite soos skenkings en die betaling van gelde is nie belastings nie, hoewel hulle die resultaat van nie-uitruiltransaksies kan wees. Die staat hef belasting op individue en ander entiteite bekend as belastingpligtiges.
- .26 Belastingwette en regulasies vestig die staat se reg om die belasting in te vorder, identifiseer die grondslag waarop die belasting bereken word, en stel prosedures in om die belasting te administreer, dit wil sê prosedures om die belasting wat ontvangbaar is te bereken en te verseker dat betaling ontvang word. Belastingwette en regulasies skryf dikwels voor dat belastingpligtiges periodiek opgawes indien by 'n entiteit wat 'n bepaalde belasting administreer. Die belastingpligtige verskaf oor die algemeen besonderhede en bewyse van die vlak van bedrywighede wat aan belasting onderhewig is, en die belastingbedrag wat aan die staat verskuldig is, word bereken. Reëlins vir die ontvangs van belastings wissel aansienlik, maar is normaalweg daarop gemik om te verseker dat die staat betalings op 'n gereelde grondslag ontvang sonder om hom tot regsoptrede te moet wend. Belastingwette word gewoonlik streng afgedwing en skryf dikwels swaar strawwe voor vir individue of ander entiteite wat die belastingwet oortree.
- .27 Vooruitontvangste, wat bedrae is wat voor die belasbare gebeurtenis ontvang word, kan ook ten opsigte van belastings voorkom.

Aanvanklike ontleding van die invloed van hulpbronne uit nie-uitruiltransaksies

- .28 'n Entiteit sal 'n bate erken wat voortspruit uit 'n nie-uitruiltransaksie wanneer hy beheer verkry oor hulpbronne wat aan die omskrywing van 'n bate en aan die erkenningsmaatstawwe voldoen. In sekere omstandighede, soos wanneer 'n skuldeiser 'n aanspreeklikheid kwyskeld, kan 'n afname in die drabedrag van 'n voorheen erkende aanspreeklikheid ontstaan. In hierdie gevalle verminder die entiteit die drabedrag van die aanspreeklikheid in plaas daarvan om 'n bate te erken. In sommige gevalle kan die verkryging van beheer oor die bate ook 'n verpligting inhou wat die entiteit as 'n aanspreeklikheid sal erken. Bydraes van eienaars gee nie aanleiding tot inkomste nie, dus word elke soort transaksie ontleed en enige bydraes van eienaars afsonderlik in rekening gebring. In ooreenstemming met die benadering wat in hierdie Standaard uiteengesit word, moet entiteite nie-uitruiltransaksies ontleed om vas te stel watter elemente van finansiële state as gevolg van die transaksies erken moet word. Die vloekaart op die volgende bladsy illustreer die analitiese proses wat 'n entiteit onderneem wanneer daar 'n invloed van hulpbronne plaasvind om te bepaal of inkomste ontstaan. Hierdie Standaard volg die struktuur van die vloekaart. Vereistes vir die hantering van transaksies word in paragraaf .29 tot .124 uiteengesit.

Illustrasie van die aanvanklike ontleding van invloed van hulpbronne¹



1. Die vloeikaart is slegs ter verduideliking en neem nie die plek van die Standaard in nie. Dit word voorsien as 'n hulpmiddel by die vertolking van die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)*.
2. In bepaalde omstandighede, soos wanneer 'n krediteur 'n aanspreeklikheid kwytsteld, kan 'n afname in die drabedrag van 'n voorheen erkende aanspreeklikheid voorkom. In plaas daarvan om in sulke gevalle 'n bate te erken, verminder die entiteit die drabedrag van die aanspreeklikheid.
3. By die vasstelling of die entiteit aan al die huidige verpligtinge voldoen het, word die toepassing van die omskrywing van "voorwaardes ten opsigte van 'n oorgedraagde bate," en die maatstawwe vir die erkenning van 'n bate oorweeg.

Erkenning van bates

- .29 Bates word in die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* omskryf as hulpbronne wat deur 'n entiteit beheer word as gevolg van gebeure in die verlede en waaruit toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal verwag word om na die entiteit te vloei.
- .30 ***Buiten dienste in natura wat nie ooreenkomstig paragraaf .99 erken word nie, moet 'n invloed van hulpbronne uit 'n nie-uitruiltransaksie wat aan die omskrywing van 'n bate voldoen, as 'n bate erken word indien, en slegs indien:***
- (a) ***dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal geassosieer met die bate na die entiteit sal vloei; en***
 - (b) ***die billike waarde van die bate betroubaar gemeet kan word.***

Beheer oor 'n bate

- .31 Die vermoë om toegang van andere tot die voordele van 'n bate uit te sluit of te reguleer is 'n noodsaaklike element van beheer wat 'n entiteit se bates onderskei van daardie openbare goedere waartoe alle entiteite toegang het en waaruit hulle voordeel trek. Regerings oefen 'n regulatoriese rol uit oor bepaalde bedrywighede, byvoorbeeld finansiële instellings of pensioenfondse. Hierdie regulatoriese rol beteken nie noodwendig dat sodanige geregleerde items aan die omskrywing van 'n bate van die staat voldoen nie, of aan die maatstawwe voldoen vir erkenning as 'n bate in die finansiële state van die regering wat daardie bates reguleer nie. Ooreenkomstig paragraaf .99 kan entiteite in bepaalde gevalle dienste in natura erken.
- .32 'n Aankondiging van 'n bedoeling om hulpbronne na 'n entiteit oor te dra is nie op sigself voldoende om hulpbronne te identifiseer as deur 'n ontvanger beheer nie. Indien 'n openbare skool byvoorbeeld deur 'n veldbrand vernietig is en 'n regering sou aankondig dat hy voornemens is om fondse oor te dra om die skool te herbou, sou die skool nie 'n invloed van hulpbronne (hulpbronne ontvangbaar) ten tye van die aankondiging erken nie. In omstandighede waar 'n oordragooreenkoms vereis word voordat hulpbronne oorgedra kan word, moet 'n ontvangerentiteit nie hulpbronne as onder beheer identifiseer nie tot tyd en wyl die ooreenkoms bindend is, omdat die ontvangerentiteit nie die toegang van die oordraggewer tot die hulpbronne kan uitsluit of reguleer nie. In baie gevalle sal die entiteit die afdwingbaarheid van sy beheer oor hulpbronne moet bepaal alvorens hy 'n bate kan erken. Indien 'n entiteit nie 'n afdwingbare aanspraak op hulpbronne het nie, kan hy nie die oordraggewer se toegang tot daardie hulpbronne uitsluit of reguleer nie.

Vorige gebeure

- .33 Entiteite verkry normaalweg bates van ander entiteite, met inbegrip van belastingpligtiges, of koop of produseer bates. Derhalwe kan die vorige

gebeurtenis wat tot beheer oor 'n bate aanleiding gee, 'n aankoop, 'n belasbare gebeurtenis of 'n oordrag wees. Transaksies of gebeure wat na verwagting in die toekoms gaan plaasvind, gee nie op sigself aanleiding tot bates nie – gevolglik is 'n voorneme om belasting te hef nie 'n vorige gebeurtenis wat in die vorm van 'n eis teen 'n belastingpligtige tot 'n bate aanleiding gee nie.

Waarskynlike invloed van hulpbronne

- .34 'n Invloed van hulpbronne is “waarskynlik” indien daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat die invloed sal plaasvind. Die entiteit grond die vasstelling hiervan op sy vorige ervaring van vergelykbare tipes vloei van hulpbronne en die verwagtinge betreffende die belastingpligtige of oordraggewer. Indien 'n regering byvoorbeeld instem om fondse na 'n entiteit (verslagdoenende entiteit) oor te dra, die ooreenkoms bindend is en die regering 'n geskiedenis het van die oordrag van ooreengekome hulpbronne, is dit waarskynlik dat die invloed sal plaasvind, ongeag die feit dat die fondse nie op die verslagdoeningsdatum oorgedra is nie.

Voorwaardelike bates

- .35 'n Item wat oor die essensiële kenmerke van 'n bate beskik, maar nie daarin slaag om aan die maatstawwe vir erkenning te voldoen nie, kan as 'n voorwaardelike bate openbaarmaking in die aantekeninge waarborg (kyk die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates*).

Bydraes van eienaars

- .36 Bydraes van eienaars word omskryf in die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*. Om as 'n bydrae van eienaars te kwalifiseer, sal 'n transaksie moet voldoen aan die kenmerke wat in daardie omskrywing geïdentifiseer is. Om vas te stel of 'n transaksie voldoen aan die omskrywing van 'n bydrae van eienaars, moet die inhoud eerder as die vorm van die transaksie oorweeg word. Paragraaf .37 dui aan watter vorm bydraes van eienaars kan aanneem. Indien die inhoud ongeag die vorm van die transaksie duidelik dié van 'n lening of ander soort aanspreeklikheid is, of inkomste, erken die entiteit dit as sodanig en doen 'n toepaslike openbaarmaking in die aantekeninge by die finansiële state, indien dit wesenlik is. Indien die bedoeling byvoorbeeld is dat 'n transaksie 'n bydrae van eienaars moet wees, maar spesifiseer dat die entiteit vaste uitkerings aan die oordraggewer moet betaal, met 'n teruggawe van die oordraggewer se belegging op 'n gespesifiseerde tyd in die toekoms, het die transaksie meer die kenmerke van 'n lening. 'n Entiteit moet ook die vereistes gestel in paragraaf .23 tot .33 van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* oorweeg indien die transaksie voldoen aan die omskrywing van 'n finansiële instrument.
- .37 'n Bydrae van eienaars kan gestaaf word deur byvoorbeeld:
- (a) 'n formele aanwysing van die oordrag (of 'n klas van sulke oordragte) deur die bydraer of 'n beherende entiteit van die bydraer as deel van die ontvanger se bygedraage netto bates, hetsy voordat die bydrae plaasvind of ten tye van die bydrae;

- (b) 'n formele ooreenkoms met betrekking tot die bydrae, waardeur 'n bestaande finansiële belang in die ontvanger se netto bates wat verkoop, oorgedra of afgelos kan word, vasgestel of vermeerder kan word; of
- (c) die uitreiking, met betrekking tot die bydrae, van ekwiteitsinstrumente wat verkoop, oorgedra of afgelos kan word.

Uitruil- en nie-uitruilkomponente van 'n transaksie

- .38 Paragraaf .39 en .40 hier onder handel oor omstandighede waarin 'n entiteit beheer verkry oor hulpbronne wat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal buiten bydraes van eienaars behels.
- .39 Paragraaf .06 omskryf uitruiltransaksies en nie-uitruiltransaksies en paragraaf .09 wys daarop dat 'n transaksie twee komponente kan insluit, 'n uitruilkomponent en 'n nie-uitruilkomponent.
- .40 Indien 'n bate verkry word deur middel van 'n transaksie wat 'n uitruilkomponent en 'n nie-uitruilkomponent bevat, erken die entiteit die uitruilkomponent volgens die beginsels en vereistes van ander Standaarde van AERP. Die nie-uitruilkomponent word erken ooreenkomstig die beginsels en vereistes van hierdie Standaard. Om vas te stel of 'n transaksie oor identifiseerbare uitruil- en nie-uitruilkomponente beskik, moet professionele oordeel aan die dag gelê word. Indien dit nie moontlik is om afsonderlike uitruil- en nie-uitruilkomponente te onderskei nie, moet die transaksie as 'n nie-uitruiltransaksie behandel word.

Meting van bates by aanvanklike erkenning

- .41 ***'n Bate wat deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word, moet aanvanklik teen die billike waarde daarvan soos op die verkrygingsdatum gemeet word.***
- .42 In ooreenstemming met die Standaarde van AERP oor Voorraad, Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontsbare Bates en Erfenisbates word bates verkry deur nie-uitruiltransaksies teen hul billike waarde soos op die verkrygingsdatum gemeet. Bates wat voortspruit uit kontraktuele reëlins wat andersins voldoen aan die omskrywing van 'n finansiële instrument (kyk paragraaf AG26. van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*), soos kontant en oordragte ontvangbaar, word gemeet ooreenkomstig paragraaf .41 van hierdie Standaard, asook paragraaf .34 en AG77. tot AG86. van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*.
- .43 'n Entiteit pas die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* toe vir die daaropvolgende meting, onderkenning, aanbieding en openbaarmaking van enige bates wat voortspruit uit kontraktuele reëlins wat aan die omskrywing van finansiële instrument voldoen.

Erkenning van inkomste uit 'n nie-uitruiltransaksie

- .44** *'n Invloei van hulpbronne uit 'n nie-uitruiltransaksie wat as 'n bate erken word, moet as inkomste erken word, buiten in die mate dat 'n aanspreeklikheid ook ten opsigte van dieselfde invloei erken word.*
- .45** *Namate 'n entiteit voldoen aan 'n huidige verpligting wat erken word as 'n aanspreeklikheid ten opsigte van 'n invloei van hulpbronne uit 'n nie-uitruiltransaksie wat as 'n bate erken word, moet hy die drabedrag van die aanspreeklikheid wat erken word, verminder en 'n inkomstebedrag gelyk aan daardie vermindering erken.*
- .46** Indien 'n entiteit as 'n gevolg van 'n nie-uitruiltransaksie 'n toename in netto bates erken, erken hy inkomste. Indien hy 'n aanspreeklikheid ten opsigte van die invloei van hulpbronne wat uit die nie-uitruiltransaksie voortspruit, erken wanneer die aanspreeklikheid daarna verminder word omdat 'n belasbare gebeurtenis plaasvind of daar aan 'n voorwaarde voldoen word, erken hy inkomste. Indien 'n invloei van hulpbronne voldoen aan die omskrywing van bydraes van eienaars, word dit nie as 'n aanspreeklikheid of inkomste erken nie.
- .47** Die tydsberekening van erkenning van inkomste word bepaal deur die aard van die voorwaardes en die nakoming daarvan. Indien 'n voorwaarde byvoorbeeld spesifiseer dat die entiteit goedere of dienste aan derde partye moet voorsien, of ongebruikte fondse aan die oordraggewer moet terugbesorg, word inkomste erken namate die goedere of dienste voorsien word.

Meting van inkomste uit 'n nie-uitruiltransaksie

- .48** *Inkomste uit 'n nie-uitruiltransaksie moet gemeet word teen die bedrag van die toename in netto bates wat deur die entiteit erken word.*
- .49** Indien 'n entiteit as gevolg van 'n nie-uitruiltransaksie 'n bate erken, erken hy ook inkomste gelykstaande aan die bedrag van die bate gemeet ooreenkomstig paragraaf .41, tensy daar ook van hom verwag word om 'n aanspreeklikheid te erken. Indien daar vereis word dat 'n aanspreeklikheid erken word, moet dit ooreenkomstig die vereistes van paragraaf .57 gemeet word, en die bedrag van die toename in netto bates, indien daar is, moet as inkomste erken word. Indien 'n aanspreeklikheid daarna verminder omdat die belasbare gebeurtenis plaasvind of daar aan 'n voorwaarde voldoen word, moet die bedrag van die vermindering in die aanspreeklikheid as inkomste erken word.

Huidige verpligtinge wat as aanspreeklikhede erken word

- .50** *'n Huidige verpligting wat uit 'n nie-uitruiltransaksie voortspruit wat aan die omskrywing van 'n aanspreeklikheid voldoen, moet as 'n aanspreeklikheid erken word indien, en slegs indien:*

- (a) *dit waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat, vereis sal word om die verpligting af te los; en*
- (b) *'n betroubare raming gemaak kan word van die bedrag van die verpligting.*

Huidige verpligting

- .51 'n Huidige verpligting is 'n plig om op 'n bepaalde manier op te tree of te presteer, en kan aanleiding gee tot 'n aanspreeklikheid ten opsigte van enige nie-uitruiltransaksie. Huidige verpligtinge kan opgelê word deur voorskrifte in wette of regulasies of bindende reëlings wat die grondslag van oordragte bepaal. Hulle kan ook voortspruit uit die normale bedryfsomgewing, soos die erkenning van vooruitontvangste.
- .52 In baie gevalle word belastinge gehef en bates aan entiteite in nie-uitruiltransaksies oorgedra ooreenkomstig wette, regulasies of ander bindende reëlings wat voorwaardes voorskryf dat hulle vir bepaalde doeleindes gebruik moet word. Voorbeelde:
 - (a) belastinge, waarvan die gebruik deur wette of regulasies tot gespesifiseerde doeleindes beperk word;
 - (b) oordragte wat plaasvind deur 'n bindende reëling wat voorwaardes insluit:
 - i. van 'n nasionale regering aan provinsiale of plaaslike regerings;
 - ii. van provinsiale regerings aan plaaslike regerings;
 - iii. van regerings aan ander entiteite;
 - iv. aan ander entiteite wat deur wette of regulasies tot stand gebring is om bepaalde funksies met bedryfsoutonomie uit te voer, soos statutêre owerhede of streekraade of owerhede; en
 - v. van skenkeragentskappe aan regerings of ander entiteite.
- .53 In die normale gang van bedryfswere kan 'n entiteit hulpbronne aanvaar voordat 'n belasbare gebeurtenis plaasvind. In sulke omstandighede word 'n aanspreeklikheid van 'n bedrag gelyk aan die bedrag van die vooruitontvangste erken tot tyd en wyl die belasbare gebeurtenis plaasvind.
- .54 Indien 'n entiteit hulpbronne ontvang voor die bestaan van 'n bindende oordagreëling, erken hy 'n aanspreeklikheid vir 'n vooruitontvang tot tyd en wyl die reëling bindend word.

Voorwaardes ten opsigte van 'n oorgedraagde bate

- .55 *Voorwaardes ten opsigte van 'n oorgedraagde bate gee aanleiding tot 'n huidige verpligting by aanvanklike erkenning wat ooreenkomstig paragraaf .50 erken sal word.*

- .56 Voorskrifte word in paragraaf .06 omskryf. Paragraaf .13 tot .24 bevat riglyne oor die bepaling of 'n voorskrif 'n voorwaarde of 'n beperking is. 'n Entiteit moet enige en alle voorskrifte verbonde aan 'n invloed van hulpbronne ontleed om vas te stel of daardie voorskrifte voorwaardes of beperkings oplê.

Meting van aanspreeklikhede by aanvanklike erkenning

- .57 ***Die bedrag wat as 'n aanspreeklikheid erken word, moet die beste raming wees van die bedrag wat nodig sal wees om die huidige verpligting op die verslagdoeningsdatum te vereffen.***
- .58 Die raming neem die risiko's en onsekerhede in aanmerking wat gepaard gaan met die gebeure wat die aanspreeklikheid wat erken moet word, veroorsaak. Indien die tydwaarde van geld weselik is, moet die aanspreeklikheid gemeet word teen die huidige waarde van die bedrag wat na verwagting nodig sal wees om die verpligting na te kom. Hierdie vereiste is in ooreenstemming met die beginsels vasgelê in die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates*.
- .59 Ná aanvanklike erkenning bepaal 'n entiteit ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates of Finansiële Instrumente* of die verpligting gemeet, onderken, aangebied en openbaar gemaak moet word.

Belastings

- .60 ***'n Entiteit moet 'n bate ten opsigte van belastings erken wanneer die belasbare gebeurtenis plaasvind en daar aan die bate-erkenningsmaatstawwe voldoen word.***
- .61 Hulpbronne wat uit belastings voortspruit, voldoen aan die omskrywing van 'n bate indien die entiteit die hulpbronne beheer as gevolg van 'n vorige gebeurtenis (die belasbare gebeurtenis) en verwag om toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit daardie hulpbronne te ontvang. Hulpbronne wat uit belastings voortspruit, voldoen aan die maatstawwe vir erkenning as 'n bate indien dit waarskynlik is dat 'n invloed van hulpbronne sal plaasvind en die billike waarde daarvan betroubaar gemeet kan word. Die graad van waarskynlikheid verbonde aan die invloed van hulpbronne word bepaal op grond van bewyse wat beskikbaar is ten tye van aanvanklike erkenning, waarby ingesluit is openbaarmaking van die belasbare gebeurtenis deur die belastingpligtige, ofskoon dit nie daartoe beperk is nie.
- .62 Belastinginkomste ontstaan slegs vir die regering wat die belasting oplê, en nie vir ander entiteite nie. Indien die nasionale regering byvoorbeeld 'n belasting instel wat ingevorder word deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), val bates en inkomste aan die regering toe, nie aan die SAID nie. Indien die nasionale regering voorts 'n belasting oplê waarvan die totale opbrengs aan provinsiale regerings deurgegee word, gegrond op deurlopende toedeling, erken die nasionale regering bates en inkomste vir die belasting, en 'n afname in bates en 'n uitgawe vir die oordrag aan die provinsiale regerings. Die provinsiale regerings moet bates en inkomste vir die oordrag erken. Indien die SAID

belastings namens verskillende ander entiteite invorder, tree hy as 'n agent vir hulle almal op.

- .63 Belastings voldoen nie aan die omskrywing van “bydraes deur eienaars” nie, omdat die betaling van belastings nie aan die belastingpligtiges 'n reg verleen om uitkerings van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur die entiteit gedurende sy leeftyd of uitkering van enige oorskot van bates oor laste te ontvang in die geval waar die regering gelikwedeer word nie. Eweneens bied die betaling van belastings nie aan belastingpligtiges 'n eiendomsreg in die regering wat verkoop, uitgeruil, oorgedra of afgelos kan word nie.
- .64 Belasting voldoen aan die omskrywing van “nie-uitruiltransaksie”, omdat die belastingpligtige hulpbronne aan die regering oordra sonder om ongeveer gelyke waarde regstreeks in ruil daarvoor te ontvang. Terwyl die belastingpligtige voordeel kan trek uit 'n reeks maatskaplike beleide wat deur die regering ingestel is, word dit nie regstreeks in ruil verskaf as teenprestasie vir die betaling van belasting nie.
- .65 Soos in paragraaf .52 opgemerk, word sommige belastings vir spesifieke doeleindes gehef. Indien daar van die regering vereis word om 'n aanspreeklikheid te erken ten opsigte van enige voorwaardes met betrekking tot bates wat weens belastingheffings vir spesifieke doeleindes erken word, erken hy nie inkomste alvorens daar aan die voorwaarde voldoen word en die aanspreeklikheid verminder is nie. In die meeste gevalle word daar egter nie verwag dat belastings wat vir spesifieke doeleindes gehef word, aanleiding tot 'n aanspreeklikheid sal gee nie, omdat die spesifieke doeleindes neerkom op beperkings, nie voorwaardes nie.

Die belasbare gebeurtenis

- .66 Die entiteit ontleed die belastingwette om die belasbare gebeure vir die onderskeie belastings wat gehef word, te bepaal. Tensy daar anders in wette of regulasies gespesifiseer word, is dit waarskynlik dat die belasbare gebeurtenis:
- (a) vir inkomstebelasting die verdienste is van vasstelbare inkomste deur die belastingpligtige gedurende die belastingtydperk;
 - (b) vir belasting op toegevoegde waarde die onderneming is van belasbare bedrywighede deur die belastingpligtige gedurende die belastingtydperk;
 - (c) vir doeaneregte die beweging van belasbare goedere of dienste oor die doeanegrens is;
 - (d) vir boedelbelasting die dood is van 'n persoon wat belasbare eiendom verskuldig is; en
 - (e) vir eiendomsbelasting die aanbreek is van die datum waarop die belasting gehef word, of die tydperk waarvoor die belasting gehef word, indien die belasting op 'n periodieke grondslag gehef word.

Vooruitontvangste van belastings

- .67 In ooreenstemming met die omskrywings van “bates” en “aanspreeklikhede” en die vereistes van paragraaf .60 word hulpbronne vir belastings wat voor die plaasvind van die belasbare gebeurtenis ontvang word, as ’n bate en ’n aanspreeklikheid (vooruitontvangste) erken omdat die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die entiteit se geregtigheid op die belastings nog nie plaasgevind het nie en daar nog nie aan die maatstawwe vir die erkenning van belastinginkomste voldoen is nie (kyk paragraaf .60), in weerwil daarvan dat die entiteit reeds ’n invloed van hulpbronne ontvang het. Vooruitontvangste ten opsigte van belastings verskil in wese nie van ander vooruitontvangste nie, sodat ’n aanspreeklikheid erken word tot tyd en wyl die belasbare gebeurtenis plaasvind. Indien die belasbare gebeurtenis plaasvind, word die aanspreeklikheid afgelos en word inkomste erken. Vooruitontvangste van belastings is ongewoon, aangesien spesifieke wetgewing daarvoor nodig is.

Meting van bates wat uit belastingtransaksies voortspruit

- .68 Paragraaf .41 vereis dat bates wat uit belastingtransaksies voortspruit teen hul billike waarde soos op die verkrygingsdatum gemeet word. Bates wat uit belastingtransaksies voortspruit, word gemeet teen die beste raming van die invloed van hulpbronne na die entiteit. Entiteite moet ooreenkomstig die vereistes van paragraaf .41 rekeningkundige beleide ontwikkel vir die meting van bates wat uit belastingtransaksies voortspruit. Die rekeningkundige beleide vir die raming van hierdie bates moet rekening hou met die waarskynlikheid dat die hulpbronne wat uit belastingtransaksies voortspruit, na die regering sal vloei, sowel as met die billike waarde van die gevolglike bates.
- .69 Aangesien daar ’n skeiding is tussen die tydsberekening van die belasbare gebeurtenis en die invordering van belastings, kan entiteite bates wat uit belastingtransaksies voortspruit, betroubaar meet met behulp van byvoorbeeld statistiese modelle gegrond op die geskiedenis van die invordering van die besondere belasting in vorige tydperke. Hierdie modelle behels die inagneming van die tydsberekening van kontantontvangste van belastingpligtiges, verklarings gemaak deur belastingpligtiges en die verband tussen belasting ontvangbaar en ander gebeure in die ekonomie. Metingsmodelle moet ook ander faktore in ag neem, soos:
- (a) die belastingwet wat aan belastingpligtiges meer tyd toelaat om opgawes in te dien as wat die staat vir die publiserings van finansiële state toelaat;
 - (b) belastingpligtiges wat versuim om opgawes betyds in te dien;
 - (c) die waardering van nie-monetêre bates vir belastingaanslagdoeleindes;
 - (d) kompleksiteite in belastingwetgewing wat meebring dat die tydperke vir die vasstelling van belastings verskuldig deur bepaalde belastingpligtiges verleng moet word;
 - (e) die potensiaal dat die finansiële en politieke koste van die streng afdwinging van belastingwette en die invordering van al die belastings wat regtens aan die staat verskuldig is, swaarder kan weeg as die voordele wat ontvang word;

- (f) die belastingwet wat belastingpligtiges toelaat om die betaling van sommige belastingen uit te stel; en
- (g) 'n verskeidenheid van omstandighede wat eie is aan individuele belastingen en jurisdiksies.

.70 Die meting met gebruik van statistiese modelle van bates en inkomste wat uit belastingtransaksies voortspruit, kan tot gevolg hê dat die werklike bedrag van bates en inkomste wat erken word, verskil van die bedrae wat in daaropvolgende verslagdoeningstydperke as verskuldig deur belastingpligtiges met betrekking tot die lopende verslagdoeningstydperk vasgestel word. Hersienings van ramings word gemaak ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute*.

.71 In sommige gevalle kan die bates wat uit belastingtransaksies voortspruit en die verwante inkomste nie betroubaar gemeet word voor 'n tyd nadat die belasbare gebeurtenis plaasgevind het nie. Dit kan gebeur as 'n belastingbasis wisselvallig is en betroubare raming nie moontlik is nie. In baie gevalle kan die bates en inkomste erken word in die tydperk ná die plaasvind van die belasbare gebeurtenis. Daar is egter buitengewone omstandighede waar verskeie verslagdoeningstydperke kan verbygaan voordat 'n belasbare gebeurtenis lei tot 'n invloed van hulpbronne wat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal vergestalt en aan die omskrywing van 'n bate en ook aan die maatstawwe vir erkenning as 'n bate voldoen. Indien daar aan geeneen van die erkenningsmaatstawwe voldoen word nie, vind erkenning plaas wanneer betaling ontvang word. Tensy byvoorbeeld anders in wette of regulasies gespesifiseer, is dit waarskynlik dat die verwante inkomste betroubaar gemeet kan word vir:

- (a) inkomstebelasting met die indiening van 'n belastingopgawe of verklaring en/of ontvangs van betaling deur die belastingpligtige en/of werkgever;
- (b) belasting op toegevoegde waarde met die indiening van 'n belastingopgawe of verklaring en/of ontvangs van betaling deur die verkoper;
- (c) doeaneregte met die indiening van 'n verklaring en/of ontvangs van betaling deur die invoerder of agent;
- (d) boedelbelasting met die indiening van 'n belastingopgawe of verklaring en/of betaling deur die eksekuteur; of
- (e) eiendomsbelasting en diensgelde met die indiening van 'n verklaring en/of betaling deur die belastingpligtige.

Uitgawes wat deur die belastingstelsel betaal word en belastinguitgawes

.72 ***Belastinginkomste moet teen 'n bruto bedrag vasgestel word. Dit moenie verminder word vir uitgawes wat deur die belastingstelsel betaal word nie.***

.73 Tans gebruik die regering die belastingstelsel nie as 'n vereffeningstelsel nie, maar hy sou die stelsel kon gebruik as 'n gerieflike metode om voordele aan belastingpligtiges te betaal wat andersins deur middel van 'n ander betalingsmetode betaal sou moes word, byvoorbeeld deur die uitskryf van tjeks,

regstreekse deponering van 'n bedrag in 'n belastingpligtige se bankrekening, of die vereffening van 'n ander rekening namens 'n belastingpligtige. In hierdie gevalle is die bedrag betaalbaar ongeag of die individu belasting betaal. Gevolglik is hierdie bedrag 'n uitgawe van die regering en moet dit afsonderlik in die staat van finansiële prestasie erken word. Belastinginkomste moet verhoog word vir die bedrag van enigeen van hierdie uitgawes wat deur die belastingstelsel betaal word.

- .74 *Belastinginkomste moet nie saamgevoeg word vir die bedrag van belastinguitgawes nie.***
- .75 Belastinguitgawes is inkomste waarvan afstand gedoen is, nie uitgawes nie, en gee nie aanleiding tot invloei of uitvloei van hulpbronne nie – dit wil sê, hulle gee nie aanleiding tot bates, laste, inkomste of uitgawes van die belastingheffende regering nie.
- .76 Die sleutelonderskeid tussen uitgawes wat deur die belastingstelsel betaal is en belastinguitgawes is dat, vir uitgawes wat deur die belastingstelsel betaal is, die bedrag vir ontvangers beskikbaar is ongeag of hulle belasting betaal of 'n bepaalde meganisme gebruik om hul belasting te betaal. Die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* verbied die verrekening van inkomste- en uitgawe-items tensy dit deur 'n ander Standaard van AERP toegelaat word. Die verrekening van belastinginkomste en -uitgawes wat deur die belastingstelsel betaal is, word nie toegelaat nie.

Oordragte

- .77 *Behoudens paragraaf .99 moet 'n entiteit 'n bate ten opsigte van oordragte erken indien die oorgedraagde hulpbronne aan die omskrywing van 'n bate en ook aan die maatstawwe vir erkenning as 'n bate voldoen.***
- .78 Oordragte behels toekennings, skuldkwytskelding, boetes, bemakings, geskenke, skenkings, goedere en dienste in natura en vergunningslenings wat ontvang word. Al hierdie items het die gemeenskaplike eienskap dat hulle hulpbronne van een entiteit na 'n ander oordra sonder om ongeveer gelyke waarde in ruil te voorsien en is nie belasting soos in hierdie Standaard omskryf word nie.
- .79 Oordragte voldoen aan die omskrywing van 'n bate indien die entiteit die hulpbronne beheer as gevolg van 'n vorige gebeurtenis (die oordrag) en verwag om toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit daardie hulpbronne te ontvang. Oordragte voldoen aan die maatstawwe vir erkenning as 'n bate indien dit waarskynlik is dat die invloei van hulpbronne sal plaasvind en hul billike waarde betroubaar gemeet kan word. In sekere omstandighede, soos wanneer 'n skuldeiser 'n aanspreeklikheid kwytskeld, kan 'n afname in die drabedrag van 'n voorheen erkende aanspreeklikheid ontstaan. In hierdie gevalle verminder die entiteit die drabedrag van die aanspreeklikheid in plaas daarvan om 'n bate as gevolg van die oordrag te erken.

- .80 'n Entiteit verkry beheer oor oorgedraagde hulpbronne hetsy wanneer die hulpbronne na die entiteit oorgedra is, of as die entiteit 'n afdwingbare eis teen die oordraggewer het. Baie reëlings om hulpbronne oor te dra word bindend op alle partye voordat die oordrag van hulpbronne plaasvind. Soms beloof een entiteit egter om hulpbronne oor te dra maar versuim om dit te doen. Gevolglik sal bates, laste en/of inkomste slegs erken word indien 'n eis afdwingbaar is en die entiteit vasstel dat dit waarskynlik is dat die invloed van hulpbronne sal plaasvind. Tot dan kan die entiteit nie die toegang van derde partye tot die voordele van die hulpbronne wat vir oordrag voorgestel is, uitsluit of reguleer nie.
- .81 Oordragte van hulpbronne wat voldoen aan die omskrywing van “bydraes van eienaars” sal nie tot inkomste aanleiding gee nie. Ooreenkomste wat spesifiseer dat die entiteit wat hulpbronne verskaf, geregtig is op uitkerings van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die ontvangerentiteit se lewe, of uitkering van enige oorskot van bates bo laste in die geval dat die ontvangerentiteit gelikwideer word, of wat spesifiseer dat die entiteit wat die hulpbronne voorsien, 'n finansiële belang in die ontvangerentiteit verkry wat verkoop, geruil, oorgedra of afgelos kan word, is in wese ooreenkomste van eienaars om 'n bydrae te maak.
- .82 Oordragte voldoen aan die omskrywing van “nie-uitruiltransaksies” omdat die oordraggewer hulpbronne aan die ontvangerentiteit verskaf sonder dat die ontvangerentiteit ongeveer gelyke waarde regstreeks in ruil verskaf. Indien 'n ooreenkoms bepaal dat die ontvangerentiteit ongeveer gelyke waarde in ruil moet verskaf, is die ooreenkoms nie 'n oordragooreenkoms nie, maar 'n kontrak vir 'n uitruiltransaksie wat in rekening gebring moet word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies*.
- .83 'n Entiteit ontleed alle voorskrifte vervat in oordragooreenkomste om vas te stel of hy 'n aanspreeklikheid aangaan wanneer hy oorgedraagde hulpbronne aanvaar.

Meting van oorgedraagde bates

- .84 Soos deur paragraaf .42 vereis, word oorgedraagde bates gemeet teen hul billike waarde soos op die verkrygingsdatum. Entiteite ontwikkel rekeningkundige beleide vir die erkenning en meting van bates wat in ooreenstemming met Standaarde van AERP is. Soos voorheen opgemerk, moet voorraad, beleggingseiendom, eiendom, aanleg, toerusting, ontasbare bates of erfenisbates wat deur nie-uitruiltransaksies verkry word, aanvanklik teen hul billike waarde gemeet word soos op die verkrygingsdatum ooreenkomstig die vereistes van die Standaarde van AERP oor *Voorraad, Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates*. Bates wat voortspruit uit kontraktuele reëlings soos kontant en oordragte ontvangbaar wat aan die omskrywing van 'n finansiële instrument voldoen, word gemeet teen billike waarde soos op die verkrygingsdatum ooreenkomstig paragraaf .41 van hierdie Standaard, asook paragraaf .34 en AG77. tot AG86. van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*.

Skuldkwytskelding en die aanvaarding van aanspreeklikhede

- .85 Uitleners sal soms afstand doen van hul reg om 'n skuld wat deur 'n entiteit verskuldig is, in te vorder, wat die skuld prakties uitwis. 'n Nasionale regering kan byvoorbeeld 'n lening kanselleer wat deur 'n plaaslike regering verskuldig is. In sulke omstandighede erken die plaaslike regering 'n toename in netto bates omdat 'n las wat hy voorheen erken het, uitgewis is.
- .86 Entiteite erken inkomste ten opsigte van skuldkwytskelding wanneer die vorige skuld nie meer aan die omskrywing van 'n aanspreeklikheid of aan die maatstawwe vir erkenning as 'n aanspreeklikheid voldoen nie, mits die skuldkwytskelding nie aan die omskrywing van 'n bydrae van eienaars voldoen nie.
- .87 Indien 'n beherende entiteit skuld wat deur 'n beheerde volbesidentiteit verskuldig is, kwytskeld, of sy aanspreeklikhede aanvaar, kan die transaksie 'n bydrae deur eienaars wees, soos in paragraaf .36 en .37 beskryf.
- .88 Inkomste wat uit skuldkwytskelding voortspruit, word teen die drabedrag van die skuld wat kwytsgekeld is, gemeet.

Boetes

- .89 Boetes is ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat deur 'n entiteit van 'n individu of ander entiteit ontvang word of ontvangbaar is, soos bepaal deur 'n hof of ander wetstoepassingsinstansie, as gevolg van die oortreding van die vereistes van wette of regulasies deur die individu of ander entiteit. Wetstoepassingsbeamptes is by magte om individue wat geag word die wet te oortree het, boetes op te lê. In sulke gevalle het die individu normaalweg die keuse om die boete te betaal of die saak in die hof te verdedig. Indien 'n verweerder 'n ooreenkoms met 'n aanklaer bereik wat neerkom op die betaling van 'n boete in plaas van 'n verhoor, word die betaling as 'n boete erken.
- .90 Vir boetes word normaalweg vereis dat 'n entiteit 'n vaste kontantbedrag na die regering oordra en lê nie die regering enige verpligting op wat as 'n aanspreeklikheid erken kan word nie. As sodanig word boetes as inkomste erken indien die debiteur aan die omskrywing van 'n bate en ook aan die maatstawwe vir erkenning as 'n bate voldoen, soos in paragraaf .30 uiteengesit. Indien 'n entiteit in die hoedanigheid van 'n agent boetes invorder, sal die boete, soos in paragraaf .11 aangedui, nie inkomste van die invorderingsentiteit wees nie. Bates wat uit boetes voortspruit, word gemeet teen die beste raming van die invloed van hulpbronne na die entiteit.

Bemakings

- .91 'n Bemaking is 'n oordrag wat gemaak word ooreenkomstig die bepalings van 'n afgestorwe persoon se testament. Die vorige gebeurtenis wat aanleiding gee tot die beheer van hulpbronne wat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal vir 'n bemaking vergestalt, vind plaas wanneer die entiteit 'n afdwingbare aanspraak het, byvoorbeeld by die afsterwe van die erflater of die aanstelling van die eksekuteur, na gelang van die wetgewing.

- .92 Bemakings wat aan die omskrywing van 'n bate voldoen, word as bates en inkomste erken indien dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei, en die billike waarde van die bates betroubaar gemeet kan word. Vasstelling van die waarskynlikheid van 'n invloed van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal kan problematies wees indien 'n tydperk verloop tussen die afsterwe van die erflater en die ontvangs van enige bates deur die entiteit. Die entiteit sal moet vasstel of die afgestorwe persoon se boedel genoegsaam is om te voldoen aan al die eise daarteen, en alle bemakings kan hanteer. Indien die testament betwis word, sal dit ook die waarskynlikheid beïnvloed van bates wat na die entiteit vloei.
- .93 Die billike waarde van bemaakte bates word op dieselfde manier vasgestel as vir geskenke en skenkings, soos dit in paragraaf .98 beskryf word. Indien die bestorwe boedels onderhewig is aan belasting, het die belastingowerheid waarskynlik reeds die billike waarde van die bate wat aan die entiteit bemaak is, bepaal en hierdie bedrag kan vir die entiteit beskikbaar wees. Bemakings word gemeet teen die billike waarde van die hulpbronne wat ontvang word of ontvangbaar is.

Geskenke en skenkings, met inbegrip van goedere in natura

- .94 Geskenke en skenkings is vrywillige oordragte van bates, met inbegrip van kontant of ander monetêre bates, goedere in natura en dienste in natura wat een entiteit aan 'n ander maak, normaalweg vry van voorskrifte. Die oordraggewer kan 'n entiteit of 'n individu wees. Vir geskenke en skenkings van kontant of ander monetêre bates en goedere in natura is die vorige gebeurtenis wat aanleiding gee tot die beheer van hulpbronne wat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels, normaalweg die geskenk of skenking. Erkenning van geskenke of skenkings van dienste in natura word in paragraaf .99 tot .109 hier onder behandel.
- .95 Goedere in natura is tasbare bates wat in 'n nie-uitruiltransaksie kosteloos aan 'n entiteit oorgedra word, maar dit kan aan voorskrifte onderhewig wees. Eksterne bystand wat deur multilaterale of bilaterale ontwikkelingsorganisasies verleen word, sluit dikwels 'n komponent van goedere in natura in.
- .96 Geskenke en skenkings (buiten dienste in natura) word as bates en inkomste erken indien dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en die billike waarde van die bates betroubaar gemeet kan word. In die geval van geskenke en skenkings vind die gee van die geskenk of die maak die skenking en die oordrag van regstittel dikwels gelyktydig plaas. In sulke omstandighede bestaan daar geen twyfel oor die toekomstige ekonomiese voordele wat na die entiteit vloei nie.
- .97 Goedere in natura word as bates erken wanneer die goedere ontvang word, of daar 'n bindende reëling bestaan om die goedere te ontvang. Indien goedere in natura ontvang word sonder voorwaardes daaraan verbonde, word inkomste onmiddellik erken. Indien voorwaardes daaraan verbonde is, word 'n aanspreeklikheid erken wat verminder is, en inkomste word erken namate daar aan die voorwaarde voldoen word.

- .98 By aanvanklike erkenning word geskenke en skenkings, met inbegrip van goedere in natura, teen hul billike waarde soos op die verkrygingsdatum gemeet, wat vasgestel kan word met verwysing na 'n aktiewe mark of deur waardasie. 'n Waardasie van die waarde van 'n bate word normaalweg onderneem deur 'n lid van die waardasieprofessie wat oor 'n erkende en relevante professionele kwalifikasie beskik. Vir baie bates sal die billike waarde geredelik bepaalbaar wees met verwysing na gekwoteerde pryse in 'n aktiewe en likiede mark. Onlangse markpryse kan byvoorbeeld gewoonlik vir grond, nie-gespesialiseerde geboue, motorvoertuie en baie soorte aanleg en toerusting bekom word.

Dienste in natura

- .99 ***Afgesien van finansiëlewaarborgkontrakte soos in paragraaf .108 en .109 beskryf, moet 'n entiteit dienste in natura wat vir sy bedrywighede en/of diensleweringsoelwitte beduidend is, as bates erken en die verwante inkomste erken indien dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en die billike waarde van die bates betroubaar gemeet kan word. Indien die dienste in natura nie wesenlik is vir die entiteit se bedrywighede en/of diensleweringsoelwitte nie en/of nie aan die maatstawwe vir erkenning voldoen nie, moet die entiteit die aard en soort dienste in natura wat gedurende die verslagdoeningstydperk ontvang is, openbaar maak.***
- .100 Entiteite kan ingevolge vrywillige of nievrywillige skemas ontvangers van dienste in natura wees, byvoorbeeld:
- (a) tegniese bystand kan van ander regerings of internasionale organisasies ontvang word;
 - (b) daar kan van persone wat aan oortredings skuldig bevind is, verwag word om gemeenskapsdiens vir 'n entiteit te lewer;
 - (c) openbare hospitale kan die dienste van vrywilligers ontvang;
 - (d) skole kan vrywillige dienste van ouers ontvang, hetsy as hulponderwysers of as raadslede;
 - (e) plaaslike regerings kan die dienste van brandbestrydingsvrywilligers ontvang;
 - (f) kantoorhuur kan namens 'n entiteit deur 'n ander entiteit betaal word; en
 - (g) 'n entiteit kan gebruik maak van ten volle gemeubileerde akkommodasie wat namens die entiteit deur 'n ander entiteit betaal word.
- .101 Die beduidendheid van die dienste in natura vir die entiteit se bedrywighede en/of diensleweringsoelwitte bepaal of die entiteit dienste in natura as 'n bate en inkomste erken. Indien 'n entiteit byvoorbeeld dienste in natura ontvang wat 'n wesenlike deel van sy bedrywighede uitmaak, soos kantoorakkommodasie wat namens hom betaal word, moet hy daardie dienste in natura erken wanneer hulle aan die omskrywing van 'n bate en ook aan die maatstawwe vir erkenning voldoen.
- .102 Dienste in natura sluit dienste in wat deur individue aan entiteite gelewer word en die reg om bates in 'n nie-uitruiltransaksie te gebruik. Hierdie dienste voldoen aan die omskrywing van 'n bate omdat die entiteit 'n hulpbron beheer waaruit

toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na verwagting na die entiteit sal vloei. Hierdie bates en inkomste word in die meeste gevalle onmiddellik verbruik of gebruik en 'n transaksie van gelyke waarde word ook erken om die verbruik of gebruik van hierdie dienste in natura te weerspieël. 'n Skool wat byvoorbeeld van hulponderwysers vrywilligerdienste ontvang waarvan die billike waarde betroubaar gemeet kan word, moet 'n toename in 'n bate en inkomste erken, en 'n afname in 'n bate en 'n uitgawe. In baie gevalle sal die entiteit 'n uitgawe vir die gebruik van dienste in natura erken. Dienste in natura kan egter ook gebruik word om 'n bate saam te stel, in welke geval die bedrag wat ten opsigte van dienste in natura erken word, ingesluit word in die koste van die bate wat saamgestel word.

- .103 Sommige dienste in natura voldoen nie aan die omskrywing van 'n bate nie omdat die entiteit onvoldoende beheer het oor die dienste wat gelewer word. Dit is dikwels die geval waar die dienste in natura deur individue verskaf word. Dienste in natura word in baie gevalle gelewer deur persone met weinig of geen opleiding nie en verskil wesenlik van die dienste wat die entiteit sou verkry het as die dienste in natura nie beskikbaar sou wees nie.
- .104 In ander omstandighede mag die entiteit beheer oor die dienste in natura hê maar is dalk nie in staat om dit betroubaar te meet nie, en dus voldoen hulle nie aan die maatstawwe vir erkenning van 'n bate nie. Indien 'n entiteit in staat is om die billike waarde van sekere dienste in natura te meet, moet die entiteit die bate en die inkomste erken as dit vir sy bedrywighede en/of diensleweringsoelwitte belangrik is en daar aan die maatstawwe vir erkenning voldoen word, byvoorbeeld waar kantoorhuur namens 'n entiteit deur 'n ander entiteit betaal word.
- .105 Hoewel daar onsekerhede bestaan rondom dienste in natura, met inbegrip van die vermoë om beheer oor die dienste uit te oefen, asook die meting van die billike waarde van die dienste, vereis hierdie Standaard die erkenning van dienste in natura in die mate waarin die dienste in natura vir 'n entiteit se bedrywighede en/of diensleweringsoelwitte beduidend is en aan die maatstawwe vir erkenning voldoen.
- .106 Indien daar aan die maatstawwe vir erkenning voldoen word, moet dienste in natura by aanvanklike erkenning teen hul billike waarde soos op die verkrygingsdatum gemeet word.
- .107 Paragraaf .117 vereis egter die openbaarmaking van die aard en soort dienste in natura wat gedurende die verslagdoeningstydperk ontvang is en wat nie wesenlik vir 'n entiteit se bedrywighede en/of diensleweringsoelwitte is nie of nie aan die maatstawwe vir erkenning voldoen nie.

Finansiëlewaarborgkontrakte

- .108 Entiteite in die openbare sektor se skuld word dikwels deur 'n ander entiteit gewaarborg, byvoorbeeld beherende entiteit. Indien 'n entiteit se skuld gewaarborg is, maar hy nie aan die uitreiker van die finansiëlewaarborgkontrak waarborggeld betaal nie, het die entiteit in wese dienste (gesubsidieerde finansiële dienste) as deel van 'n nie-uitruiltransaksie ontvang.

- .109 In hierdie transaksies word slegs van 'n entiteit verwag om die bestaan van sulke finansiëlewaarborgkontrakte en die feit dat geen gelde aan die uitreiker betaal is nie, openbaar te maak.

Pande

- .110 Pande is onafdwingbare ondernemings om bates na die ontvangerentiteit oor te dra. Pande voldoen nie aan die omskrywing van 'n bate nie omdat die ontvangerentiteit nie in staat is om die toegang van die oordraggewer na die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in die item verpand is te beheer nie. Entiteite erken verpande items nie as bates of inkomste nie. Indien die verpande item in 'n later stadium na die ontvangerentiteit oorgedra word, word dit ooreenkomstig paragraaf .94 tot .98 hierbo as 'n geskenk of skenking erken. Pande kan ooreenkomstig die vereistes van die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* openbaarmaking as voorwaardelike bates vereis.

Vooruitontvangste van oordragte

- .111 Indien 'n entiteit hulpbronne ontvang voordat 'n oordragreëling bindend word, word die hulpbronne as 'n bate erken indien hulle aan die omskrywing van 'n bate en ook aan die maatstawwe vir erkenning as 'n bate voldoen. Die entiteit moet ook 'n vooruitontvangsaanspreeklikheid erken as die oordragreëling nog nie bindend is nie. Vooruitontvangste ten opsigte van oordragte verskil nie fundamenteel van ander vooruitontvangste nie, sodat 'n aanspreeklikheid erken word tot tyd en wyl die gebeurtenis plaasvind wat die oordragreëling bindend maak, en alle ander voorwaardes ingevolge die ooreenkoms nagekom word. Indien daardie gebeurtenis plaasvind en alle ander voorwaardes ooreenkomstig die ooreenkoms nagekom word, word die aanspreeklikheid vervul en word inkomste erken.

Vergunningslenings

- .112 Vergunningslenings is lenings wat entiteite teen laer as markvoorwaardes ontvang. In die openbare sektor word hierdie lenings dikwels ontvang om spesifieke ekonomiese of maatskaplike doelwitte te bereik.
- .113 Die gedeelte van die lening wat terugbetaalbaar is, tesame met enige rentepaaielemente, is 'n uitruiltransaksie en word in rekening gebring ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*. Die buitemarkgedeelte van die lening is 'n nie-uitruiltransaksie en word in rekening gebring ooreenkomstig hierdie Standaard. Die buitemarkgedeelte van die lening wat as nie-uitruilinkomste erken word, word bereken as die verskil tussen die opbrengste wat uit die lening ontvang word en die huidige waarde van die kontraktuele kontantvloei van die lening, gediskonteer met gebruik van 'n markverwante rentekoers. (Paragraaf AG80. tot AG82. van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* verskaf riglyne oor die vasstelling van 'n markverwante rentekoers.)
- .114 Die erkenning van inkomste word bepaal volgens die aard van enige voorwaardes wat in die leningsooreenkoms vervat is en wat tot 'n aanspreeklikheid aanleiding kan gee. Indien daar 'n aanspreeklikheid bestaan,

erken 'n entiteit inkomste sodra daar aan die voorwaardes van die leningsooreenkoms voldoen word.

Openbaarmakings

.115 *'n Entiteit moet óf in die state self óf in die aantekeninge by die finansiële state die volgende openbaar maak:*

- (a) die inkomstebedrag uit nie-uitruiltransaksies wat gedurende die tydperk volgens die belangrikste klasse erken word, met afsonderlike aantoning van:*
 - (i) belastings, met afsonderlike aantoning van die belangrikste klasse belastings; en*
 - (ii) oordragte, met afsonderlike aantoning van die belangrikste klasse oordraginkomste;*
- (b) die bedrag van debiteure wat ten opsigte van nie-uitruilinkomste erken word;*
- (c) die bedrag van aanspreeklikhede wat erken word vir terugbetalings wat uit nie-uitruilinkomste voortspruit;*
- (d) die bedrag van aanspreeklikhede wat erken word ten opsigte van die buitemarkgedeelte van vergunningslenings wat aan voorwaardes onderhewig is;*
- (e) die bedrag van aanspreeklikhede wat erken word ten opsigte van oorgedraagde bates onderhewig aan voorwaardes;*
- (f) die bedrag van bates wat erken word en wat aan beperkings onderhewig is, en die aard van daardie beperkings;*
- (g) die bestaan en bedrae van enige vooruitontvangste of ontoegedeelde ontvangste ten opsigte van nie-uitruiltransaksies; en*
- (h) die bedrag van enige aanspreeklikhede wat kwytkeskeld is.*

.116 *'n Entiteit moet in die aantekeninge by die finansiële state die volgende openbaar maak:*

- (a) die rekeningkundige beleide wat vir die erkenning van inkomste uit nie-uitruiltransaksies aanvaar is;*
- (b) vir die belangrikste klasse inkomste uit nie-uitruiltransaksies, die grondslag waarop die billike waarde van invloeiende hulpbronne gemeet is;*
- (c) vir die belangrikste klasse belastinginkomste wat die entiteit nie gedurende die tydperk waarin die belasbare gebeurtenis plaasvind, betroubaar kan meet nie, inligting oor die aard van die belasting; en*
- (d) die aard en tipe van die belangrikste klasse van bemakings, geskenke en skenkings, met afsonderlike aantoning van die belangrikste klasse goedere in natura wat ontvang is; en*

(e) die aard en tipe van die belangrikste klasse van dienste in natura wat ontvang is.

- .117 Daar word van entiteite vereis dat hulle die aard en tipe van die belangrikste klasse van dienste in natura wat ontvang is, met inbegrip van dié wat nie ooreenkomstig paragraaf .99 erken word nie, openbaar maak. Die mate waarin 'n klas van dienste in natura vir 'n entiteit se bedrywighede en/of dienslewingsdoelwitte beduidend is, sal bepaal wat hy ten opsigte van daardie klas openbaar moet maak.
- .118 Die openbaarmakings wat deur paragraaf .115 en .116 vereis word, help die entiteit om te voldoen aan die doelwitte van finansiële verslagdoening, soos uiteengesit in die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* wat inligting moet verskaf wat nuttig vir besluitneming sal wees en om die rekenpligtigheid van die entiteit vir die hulpbronne wat aan hom toevertrou is te toon.
- .119 Openbaarmaking van die belangrikste klasse inkomste help gebruikers om ingeligte oordeel uit te spreek oor die entiteit se blootstelling aan bepaalde inkomstestrome.
- .120 Voorwaardes en beperkings stel perke vir die gebruik van bates, wat 'n impak het op die bedrywighede van die entiteit. Openbaarmaking van die bedrag van aanspreeklikhede wat ten opsigte van voorwaardes erken word en die bedrag van bates wat aan beperkings onderhewig is, help gebruikers om die vermoë te oordeel van die entiteit om sy bates na goeddunke aan te wend. Entiteite word aangespoor om die inligting wat volgens paragraaf .115(e) openbaar gemaak moet word, volgens klas te ontbondel.
- .121 Paragraaf .115(e) vereis van entiteite om die bestaan van vooruitontvangste ten opsigte van nie-uitruiltransaksies openbaar te maak. Hierdie aanspreeklikhede dra die risiko dat die entiteit toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal moet opoffer as die belasbare gebeurtenis nie plaasvind nie, of 'n oordragreëling nie bindend word nie. Openbaarmaking van hierdie vooruitontvangste help gebruikers om te oordeel oor die entiteit se toekomstige inkomste en stand van netto batess.
- .122 Soos in paragraaf .70 opgemerkword, sal 'n entiteit in baie gevalle in staat wees om bates en inkomste wat uit belastingtransaksies voortspruit, betroubaar met gebruik van byvoorbeeld statistiese modelle te meet. Daar kan egter uitsonderlike omstandighede wees waar 'n entiteit nie in staat is om die voortspruitende bates en inkomste betroubaar te meet nie alvorens een of meer verslagdoeningstydperke verloop het sedert die belasbare gebeurtenis plaasgevind het. In hierdie gevalle maak die entiteit inligting openbaar oor die aard van die belangrikste klasse belasting wat nie gedurende die verslagdoeningstydperk waarin die belasbare gebeurtenis plaasvind, betroubaar gemeet kan word en derhalwe erken kan word nie. Hierdie openbaarmakings help gebruikers om ingeligte oordeel uit te spreek oor die entiteit se toekomstige inkomste en stand van netto batess.

- .123 Paragraaf .116(d) vereis dat entiteite inligting openbaar maak oor die aard en tipe van die belangrikste klasse geskenke, skenkings en bemakings wat hulle ontvang het. Hierdie invloed van hulpbronne word ontvang na die goeddunke van die oordraggewer, wat die entiteit blootstel aan die risiko dat sulke bronne van hulpbronne in die toekoms aansienlik kan verander. Sulke openbaarmakings help gebruikers om ingeligte oordeel uit te spreek oor die entiteit se toekomstige inkomste en stand van netto bates.
- .124 Indien dienste in natura aan die omskrywing van 'n bate en ook aan die maatstawwe vir die erkenning as 'n bate voldoen, moet entiteite hierdie dienste in natura erken indien hulle vir 'n entiteit se bedrywighede en/of diensleweringsoelwitte van belang is en hulle teen hul billike waarde meet ooreenkomstig paragraaf .99 en .105. Paragraaf .117 vereis dat 'n entiteit inligting openbaar maak oor die aard en tipe van alle dienste in natura wat ontvang is, of hulle erken is of nie. Sulke openbaarmakings kan gebruikers help om ingelig te oordeel oor die bydrae wat sulke dienste gedurende die verslagdoeningstydperk tot die bereiking van die entiteit se diensleweringsoelwitte lewer, en die beduidendheid van sodanige dienste vir die bereiking van 'n entiteit se diensleweringsoelwitte in die toekoms.

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .125 Die oorgangsbepalings wat deur entiteite toegepas moet word, word in lasgewings voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.**

Wysigings aan Standaarde van AERP

- .126 Paragraaf .10, .25, .26, .29, .30, .31, .42, .84, .99, .101, .102, .103, .108, .109, .112, .113, .116, .117 en .124 is gewysig, paragraaf .03, .05, .100, .101, .103, .104 en .107 is bygevoeg en paragraaf .103 is geskrap deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op 1 April 2014 uitgereik is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas vir jaartydperke wat begin op of na 1 April 2015. Indien 'n entiteit kies om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet dit openbaar gemaak word.**

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .127 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of na 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal moet word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer moet word.**

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .128 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.***

Herroeping van ander uitsprake

- .129** Hierdie Standaard vervang paragraaf .46 van die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies*.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Revenue from Non-exchange Transactions* (Taxes and Transfers) (Desember 2006)

Die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* is hoofsaaklik ontleen aan die International Public Sector Accounting Standard oor *Revenue from Non-exchange Transactions (Taxes and Transfers)* (IPSAS 23). Die belangrikste verskille tussen die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* en IPSAS 23 is soos volg:

- Die omvang van die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* verskil van dié van IPSAS 23 deurdat staatsakeondernemings anders omskryf word.
- Hierdie Standaard maak in sekere gevalle van ander terminologie as IPSAS 23 gebruik. Die beduidendste voorbeeld is die gebruik van die term 'netto bates' in hierdie Standaard. Die gelykwaardige term in IPSAS 23 is 'net assets/equity'.
- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van AERP van toepassing is, word anders hanteer as in IPSAS 23.
- In hierdie Standaard word dienste in natura anders hanteer as in IPSAS 23. Hierdie Standaard maak dit vir entiteite verpligtend om dienste in natura te erken in die mate waartoe dienste wat ontvang word, beduidend is vir 'n entiteit se bedrywighede en/of diensleweringsoelwitte en daar aan die erkenningsmaatstawwe voldoen is.
- Die vereiste vir die meting van skuld wat kwytskeld is, is opgeklaar.
- Die voorbeelde is aangepas om Suid-Afrikaanse omstandighede te weerspieël.
- Die vereiste vir die meting van skuld is opgeklaar.
- Hierdie Standaard stel dit duidelik dat die billike waarde van finansiële waarborge wat namens die entiteit uitgereik is waar geen gelde betaal is nie, nie in die finansiële state openbaar gemaak hoef te word nie.
- Die bylae met die verduidelikende voorbeelde is uit hierdie Standaard geskrap.